



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

3 DESEMBER 2017

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

EREDIENSTE

3 Desember (Doop)

10 Desember

Time	Location	Service	Minister	Notes	Minister	Notes
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Kotze	1/9	Ds. Visagie	2
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Geen diens	-
19:00	Kerk	Kerssangdiens	Ds. Breytenbach	-	Geen diens	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Geen diens	-	Phillipp Dietmann	13

OGGENDDIENS

Die wyse manne
(Matteus 2:1-12)

KERSSANGDIENS

Die wonder van
Kersfees wat
opnuut in ons
herleef.

KAFETERIA

Die kafeteria met
heerlike
Cappucino's en eet-
goed is vanaand
ook na die
Kerssangdiens oop.

ALMANAKKE 2018

Is nou in die voor-
portaal van die
kerk beskikbaar of
deur die week by
die kerkkantoor.

EREDIENSTE TYDENS SKOOLVAKANSIE

Versoeningsdiens: 16 Desember om 09:00 word dié erediens in die kerk deur ds. Peter Kotze behartig.

Oukersaand: 24 Desember samesang van al ons pragtige Kersliedere van 19:00 tot 19:30 in die kerk.

Kersdag: word drie eredienste in die kerk aangebied – om 07:30, 08:30 en 09:30. Ds. Peter Kotze, jeugleraar, sal die dienste waarneem.

Elke Sondag: 'n Oggenddiens word om 09:00 in die kerk en 'n aanddiens om 19:00 in die kapel aangebied.

GEEN PEUTER- EN KLEUTERKERK VANDAG

Peuters en kleuters word vandag uitgenooi om ook die kategese se afluiging om 09:00 in die kerk by te woon. Ons wil graag ook vir hulle wys hoe lyk 'n doopgeleentheid.

DEURKOLLEKTE VANDAG

Die deurkollekte is vandag ten bate van die kamp vir minderbevoorregte kinders. Ons beoog om vanaf 7 tot 12 Des. met 100 minderbevoorregte kinders van Khayelitsha, Gugulethu en Imizamo Yethu by die Apostel Battery kampterrein, Llandudno te gaan kampeer. By die kampe word positiewe waardes en beginsels by die kinders ingebou.

STELLENBERG INDABA

Stellenberg Indaba op Saterdag 27 Januarie vanaf 08:30 tot 10:30. Teken die datum solank aan. Ons nooi alle lidmate om te kom saam dink en gesels oor ons gemeente en ons fokus vir 2018.

SKENKINGS VIR KERSPAKKIES/ETES

- **Kerspakkies vir Ruyterwacht** - hartlik dankie aan elkeen wat koekies en malvalekkers vir dié Kerspakkies geskenk het. Ons het genoeg ingesamel om al die bejaardes te bederf.
- **Bydraes of helpers by die Klipheuvel Kerse** wat op Kersdag aangebied word, word benodig. Kontak Schalk Burger 079 577 8268 indien jy hulp wil aanbied.

KWEEK VIR DIE HERE UITSTALLING

Besoek vanoggend om 10:00 die gewilde plantetafel net buite die kerk. Vetplante is uitstekende Kersgeskenke. Neem 'n plantjie in ruil vir 'n donasie ten bate van die jeuguitreike.

BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Die jeugbediening beoog om volgende jaar 3000 kombersies tydens die uitreike uit te deel. Borg 'n bersie deur die SnapScan-kode op die plakkate met jou selfoon te skandeer of gee kontantbydraes by die kerkkantoor af.

MAAND VAN DANKBAARHEID

'n Enkelma benodig 'n klerekas, stapelbedjies of 'n kombuiskassie. Indien jy haar kan help, gee die artikels asb. by die kerkkantoor af. Sou jy 'n verdienstelike persoon of gesin ken wat 'n spesifieke huisraad item benodig, stuur 'n epos aan navrae@stellenberg.co.za

ONS BID VIR MEKAAR

Johan Neethling, Melinastraat, Rosendal - ontvang bestraling.
Pieter Ernst, Oakglen - hy het 'n hartomleiding operasie ondergaan.

KATEGESE VANDAG

Junior kategesegroep:

Gaan haal vir jou 'n roomys na die oggend-diens. Dis 'n vingerlekkers lekker soort!

Senior kategese

Geen kategese vandag. Geniet die lang Desember-vakansie. Ons sien julle weer in 2018 by die graad 8-kamp.

KANTOORURE VIR FINANSIËLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00
en ander woensdae 09:00
tot 13:00.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

TIENDEMAANDINSAMELING

U het nog geleentheid om hierdie dankoffer te gee:


In die Bybel is daar baie verwysings na geld en die regte gebruik daarvan:

- Daar is 500 verse oor gebed, minder as 500 oor geloof, maar 2350 verse oor geld en besittings
- In die 4 Evangelies handel een uit elke tien verse (288) direk oor geld
- 16 van die 38 Gelykenisse wat Jesus vertel het, handel oor die regte aanwending van geld en besittings.

God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.

2 Kor 9:10

ABSA, NG Kerk Stellenberg, Tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik Tiendemaand as verwysing.



NUWE LERAAR

Dit is vir ons aangenaam om bekend te maak dat ds. Fay van Eeden van Lynnwood-gemeente, Pretoria beroep is as nuwe leraar. Die approbasie tydperk het verstryk en die amptelike aanstellingsbrief is op 29 November aan ds. van Eeden gestuur. Sy het nou twee weke tyd om daarop te reageer.

BREIGROEP AFSLUITING

Die lede van die Breigroep gaan saam ontbyt eet op 4 Desember. Navrae Ria 083 519 0602.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan

navrae@stellenberg.co.za

LEESROOSTERS

Diegene wat leesroosters bestel het, kan dit nou by die Kerkkantoor (Karin) afhaal.

SNAPSCAN KODE



HELP ASSEBLIEF

- **Bulletinvouers:** Indien jy in 2018 een Vrydagoggend per maand beskikbaar sal wees om vir ongeveer 90 minute behulpsaam te wees met die vou van bulletins, meld asseblief aan by Sanel 021 976 4519 / sanel@stellenberg.co.za
- **Blommeranskickers:** Lidmate wat 'n aanleg vir die estetiese het en bereid is om kwartaalliks verantwoordelikheid vir die blomme in die kerk te aanvaar, kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za
- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Eredienswerkers:** Ons kort dringend eredienswerkers by al die eredienste. Eredienswerkers heet kerkgangers welkom, deel bulletins uit en neem kollekte op. Daarna kan jy self die erediens bywoon. Diensbeurte is gemiddeld een keer per maand. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za

MUSIEKINSTRUMENTE VIR CALITZDORP

NG Kerk Calitzdorp benodig die volgende instrumente:

klawerbord, elektriese kitare, baskitaar en dromme.

Kontak asb. vir Milda by 021 976 4519 / karin@stellenberg.co.za

indien jy kan help.

DOOP VANDAG

- Johnny en Helena Huysamen, Cherrywood Estate 2, Sonstraalhoogte, laat doop vir Hemanus Johannes Huysamen.
- Willem en Elmiën Treurnicht, Greensleeves 10, Eversdal, laat doop vir Esté Treurnicht.
- Johan en Katrien van Zyl, Ysterhoutstraat 42, Blommendal, laat doop vir Johannes Jacobus Marthinus van Zyl.

GEBEDSGROEP

Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. Gebedsversoeke kan via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 (gedurende skoolkwartale) 'n Vrouebiduur in die gebedskamer.

Almal is welkom.

STELLENBERGERS

Indien jy nie die Stellenberger elektronies ontvang nie, kan jy die harde kopie vandag in die voorportaal van die kerk afhaal.